**PASIËNTINLIGTINGSBLAD**

**SKEDULERINGSTATUS:** S4

**ORENCIA® 125 mg oplossing vir onderhuidse inspuiting**

**Abatasept**

**ORENCIA bevat suiker (sukrose) 171,19 mg per oplossing vir inspuiting.**

Hierdie formulering is nie geskik vir inspuiting in 'n aar (IV inspuiting) nie.

**Lees die hele inligtingsblad deeglik deur voordat ORENCIA 125 mg aan u gegee word.**

- Hou hierdie inligtingsblad. Dit is moontlik dat u dit weer sal wil lees.
- Indien u verdere vrae het, vra asseblief u dokter, apteker, verpleegster of ander gesondheidsorgverskaffer.
- ORENCIA is vir u persoonlik voorgeskryf en u moet nie u medisyne met ander mense deel nie. Dit kan skadelik vir hulle wees, selfs al is hulle simptome dieselfde as wat u het.

**Wat is in hierdie inligtingsblad**

1. Wat ORENCIA 125 mg is en waarvoor dit gebruik word

2. Wat u moet weet voordat u ORENCIA 125 mg gebruik

3. Hoe om ORENCIA 125 mg te gebruik

4. Moontlike newe-effekte

5. Hoe om ORENCIA 125 mg te bewaar

6. Inhoud van die pakkie en ander inligting

## 1. Wat ORENCIA 125 mg is en waarvoor dit gebruik word

ORENCIA bevat die aktiewe bestanddeel abatasept, 'n proteïen wat in selkulture vervaardig word. ORENCIA verminder die aanval van die immuunstelsel op normale weefsels deur in te meng met die immuunselle (genaamd T-limfosiete) wat bydra tot die ontwikkeling van rumatoïede artritis. ORENCIA moduleer selektief die aktivering van T-selle wat betrokke is by die immuunstelsel se inflammatoriese reaksie.

ORENCIA is 'n medisyne wat gebruik word vir die behandeling van volwassenes met aktiewe rumatoïede artritis (RA).

Rumatoïede artritis is 'n langdurige progressiewe sistemiese siekte wat, indien onbehandeld, tot ernstige gevolge kan lei, soos vernietiging van gewrigte, verhoogde gestremdheid en belemmering van daaglikse aktiwiteite. By mense met rumatoïede artritis val die liggaam se eie immuunstelsel normale liggaamsweefsels aan, wat lei tot pyn en swelling van die gewrigte. Dit kan skade aan die gewrigte veroorsaak.

ORENCIA 125 mg is nie geskik vir gebruik by kinders jonger as 18 jaar nie.

**2. Wat u moet weet voordat u ORENCIA 125 mg gebruik**

**ORENCIA 125 mg moet nie aan u toegedien word nie:**

- indien u hipersensitief (allergies) is vir abatasept of vir enige van die ander bestanddele van ORENCIA.
- indien u aktiewe of onbehandelde tuberkulose (TB) het
- indien u swanger is, beplan om swanger te raak, of u baba borsvoed (sien Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid)

**Waarskuwings en voorsorgmaatreëls**

Lig u dokter of gesondheidsorgverskaffer in voordat u ingespuit word:

- indien u, u lewensmaat of u versorger ’n nuwe aanvang van, of verergering van, neurologiese simptome opmerk, insluitend: algemene spierverswakking, versteurde sig, probleme met praat, ’n verandering in die manier waarop u loop of probleme met balans, veranderinge in denke, geheue en oriëntasie wat tot verwarring en persoonlikheidsveranderinge lei, kontak u dokter onmiddellik,

aangesien dit simptome kan wees van ’n baie seldsame, ernstige en potensieel noodlottige breininfeksie genaamd progressiewe multifokale leuko-encefalopatie (PML).

- indien u 'n TNF-blokkeerder soos etanersept of infliksimab vir u RA gebruik, omdat u 'n groter kans het om 'n ernstige infeksie te kry indien u ORENCIA saam met ander biologiese medisyne vir RA gebruik.
- indien u anakinra neem
- indien u enige tipe infeksie het, waaronder 'n infeksie wat slegs op een plek in u liggaam voorkom (soos 'n oop sny of seerplek) of 'n infeksie (soos griep) wat u hele liggaam betrek. 'n Infeksie kan as gevolg van ORENCIA 'n groter risiko vir ernstige newe-effekte vir u inhou. Indien u onseker is, vra asseblief u dokter.
- indien u tuberkulose (TB) het, of 'n positiewe veltoets vir TB gehad het, of as u onlangs in noue kontak was met iemand wat TB gehad het.
- indien u enige tekens van TB ('n droë hoes wat nie opklaar nie, gewigsverlies, koors, nagsweet) ontwikkel, skakel dadelik u dokter. Voordat u met ORENCIA begin, moet u dokter u vir TB ondersoek en 'n veltoets doen.
- indien u 'n geskiedenis van chroniese obstruktiewe pulmonêre (long) siekte (COLS) het.
- indien u 'n operasie moet ondergaan.
- indien u kanker het; u dokter sal besluit of ORENCIA steeds aan u gegee kan word.
- indien u onlangs ingeënt is of beplan om enige entstof te ontvang.
- indien u virale hepatitis het. Voordat u begin met ORENCIA mag u dokter u ondersoek vir hepatitis.
- indien u mens-immuungebrekvirus (MIV)-infeksie het.

Allergiese reaksies soos benoude bors, hyging, erge duiseligheid of lighoofdigheid, swelling of veluitslag is met ORENCIA aangemeld.

**Kinders en adolessente**

ORENCIA 125 mg is nie geskik vir gebruik by kinders jonger as 18 jaar nie.

**Ander medisyne en ORENCIA 125 mg**

Lig altyd u gesondheidsorgverskaffer in as u enige ander medisyne neem. (Dit sluit alle komplementêre of tradisionele medisyne in.)

ORENCIA moet nie saam met biologiese medisyne vir RA, insluitend TNF-blokkeerders soos etanersept en infliksimab, gebruik word nie. Daar is nie genoeg inligting om gelyktydige gebruik van ORENCIA en anakinra aan te beveel nie.

ORENCIA kan gebruik word saam met ander medisyne wat algemeen gebruik word om RA te behandel, soos steroïede of pynstillers, insluitend niesteroïdale anti-inflammatoriese medisyne soos ibuprofeen of diklofenak.

**ORENCIA 125 mg met kos en vloeistowwe en alkohol**

Nie van toepassing nie

**Swangerskap, borsvoeding en vrugbaarheid**

Indien u swanger is of borsvoed, dink u is dalk swanger, of beplan om 'n baba te hê, raadpleeg asseblief u dokter, apteker of ander gesondheidsorgverskaffer voordat u hierdie medisyne ontvang.

ORENCIA moet nie tydens swangerskap of deur moeders wat hul babas borsvoed gebruik word nie.

**Bestuur en gebruik van masjinerie**

ORENCIA kan u duiselig maak en verswakte visie veroorsaak. Indien u duiselig voel of verswakte visie het, moet u nie bestuur of masjiene hanteer nie.

Dit is nie altyd moontlik om te voorspel tot hoe 'n mate ORENCIA die daaglikse aktiwiteite van 'n pasiënt kan beïnvloed nie. Pasiënte moet seker maak dat hulle nie aan die volgende aktiwiteite deelneem nie (bv. bestuur, perdry, vlieg, seil, masjinerie/toerusting hanteer), totdat hulle weet tot watter mate ORENCIA hulle beïnvloed.

**ORENCIA 125 mg bevat suiker (sukrose)**

ORENCIA 125 mg oplossing vir onderhuidse inspuiting bevat sukrose, wat ‘n effek kan hê op die beheer van u bloedsuiker as u diabetes mellitus het. Indien u dokter u ingelig het dat u sekere suikers nie kan verdra nie, raadpleeg u dokter voordat u ORENCIA ontvang.

**3. Hoe om ORENCIA 125 mg te gebruik**

Moet nie medisyne wat vir u voorgeskryf is met enige ander persoon deel nie.

Gebruik Orencia 125 mg altyd presies soos beskryf in hierdie inligtingsblad of soos u dokter, apteker of verpleegster vir u gesê het. Kontroleer met u dokter of apteker as u nie seker is nie.

Die gewone dosis is:

U sal ORENCIA as 'n inspuiting onder u vel ontvang (SK of onderhuids). U sal een keer per week 'n inspuiting ontvang. U dokter kan u behandeling met 'n dosis van ORENCIA gevriesdroogde poeier vir oplossing vir binneaarse infusie, wat in 'n aar in u arm oor ‘n tydperk van 30 minute toegedien kan word, begin. U dokter sal u inlig hoe lank u behandeling met ORENCIA sal duur.

Aanvanklik kan u dokter of gesondheidsorgwerker die ORENCIA oplossing vir onderhuidse inspuiting vir u inspuit. U en u gesondheidsorgwerker kan egter besluit dat u uself met ORENCIA kan inspuit. In hierdie geval sal u opleiding ontvang sodat u uself met ORENCIA kan inspuit. U sal volledige ***"Aanwysings vir die voorbereiding en toediening van 'n onderhuidse inspuiting van ORENCIA"*** aan die einde van hierdie inligtingsblad vind.

ORENCIA oplossing vir onderhuidse inspuiting onder die vel is nie geskik vir gebruik in kinders jonger as 18 jaar nie.

U dokter sal u inlig hoe lank u behandeling met ORENCIA sal duur. Moet nie behandeling vroeg staak nie. Indien u die indruk kry dat die effek van ORENCIA te sterk of te swak is, lig u dokter of apteker in.

**Indien u meer ORENCIA 125 mg ontvang het as wat u moes**

In die geval van 'n oordosering, raadpleeg u dokter of apteker.  Indien geeneen beskikbaar is nie, kontak die naaste hospitaal of vergiftigingsentrum.

**Indien u vergeet het ORENCIA 125 mg te gebruik**

Indien u 'n dosis ORENCIA oorgeslaan het wat u moes ontvang het, vra vir u dokter wanneer u volgende dosis geskeduleer kan word.

**4. Moontlike newe-effekte**

ORENCIA kan newe-effekte hê.

Nie alle newe-effekte wat vir ORENCIA aangemeld is, is by hierdie inligtingsblad ingesluit nie.  Indien u algemene gesondheid verswak, of u enige ongunstige effekte ervaar terwyl u ORENCIA ontvang, raadpleeg asseblief u gesondheidsorgverskaffer vir advies.

Indien enige van die volgende gebeur, hou op om ORENCIA te ontvang en lig u dokter dadelik daarvan in, of gaan na die ongevalle-afdeling van u naaste hospitaal:

- swelling van die hande, voete, enkels, gesig, lippe en mond of keel, wat probleme kan veroorsaak met sluk of asemhaling,
- uitslag of jeuk,
- floute.

**Ernstige infeksies.  Pasiënte wat ORENCIA ontvang het 'n hoër risiko vir die ontwikkeling van infeksies, insluitend longontsteking en ander infeksies wat veroorsaak word deur virusse, bakterieë of swamme, insluitend tuberkulose.**

Al hierdie newe-effekte is baie ernstig. Indien u hierdie ervaar, het u moontlik 'n ernstige reaksie op ORENCIA. U kan dringende mediese aandag of hospitalisasie benodig.

Kanker (kwaadaardighede). Daar was gevalle van sekere tipes kanker by pasiënte wat ORENCIA ontvang het. Die rol van ORENCIA in die ontwikkeling van kanker is nie bekend nie.

Newe-effekte wat mees algemeen met ORENCIA voorkom sluit in hoofpyn, boonste lugweginfeksie, seer keel en naarheid.

**Lig u dokter of gesondheidsorgwerker so gou moontlik** in indien u enige van die volgende ervaar:

- algemene siek gevoel, tandprobleme, branderige sensasie tydens urinering, pynlike veluitslag, pynlike velblase, hoes

Die simptome wat hierbo beskryf word kan tekens wees van die newe-effekte wat hieronder gelys word; hulle is almal waargeneem met ORENCIA in volwasse kliniese proewe:

**Algemene newe-effekte:**

- infeksies van die boonste lugweg (insluitend infeksies van die neus en keel)
- infeksies van die longe, urienweginfeksies, pynlike velblase (herpes), rinitis, pynlike sere op die lippe en in die mond
- hoofpyn, duiseligheid
- hoë bloeddruk
- hoes
- buikpyn, diarree, naarheid, omgekrapte maag
- mondsere
- uitslag
- moegheid, swakheid
- reaksie by die inspuitplek
- abnormale lewerfunksiewaardes

**Minder algemene newe-effekte:**

- infeksie van 'n tand, swaminfeksie van naels, ophoping van etter onder die vel
- vaginale of orale sproei

- infeksie in en om u baarmoeder
- infeksie in u blaas
- velkanker
- lae bloedplaatjietelling, lae witbloedseltelling
- depressie, angs
- gevoelloosheid
- verswakte visie, ontsteking van die oog
- hartkloppings, vinnige hartslag, stadige hartslag
- lae bloeddruk, warmgloede, blosing
- infeksie van die maagdermkanaal
- kneus makliker, droë vel, haarverlies
- pynlike gewrigte, pyn in arms en bene
- afwesigheid van menstruasie
- griepagtige siekte, toename in gewig
- oor- en nierinfeksie

Indien u enige newe-effekte waarneem wat nie in hierdie inligtingsblad vermeld word nie, lig asseblief u dokter of apteker in.

**Aanmelding van newe-effekte**

Indien u newe-effekte ervaar, praat met u dokter, apteker of verpleegster. U kan ook newe-effekte aan SAHPRA rapporteer deur middel van die Med Safety APP (Medsafety X SAHPRA) en die eReporting-platform (who-umc.org) op die SAHPRA webwerf. Deur newe-effekte aan te meld, kan u meer inligting verskaf oor die veiligheid van ORENCIA.

**5. Hoe om ORENCIA 125 mg te bewaar**

Bewaar alle medisyne buite bereik van kinders.

Beskerm die voorafgevulde spuite teen lig deur dit in die oorspronklike verpakking te bêre tot voor gebruik.

ORENCIA moet by 2 °C tot 8 °C in die yskas bewaar word.

Moenie ORENCIA vries nie.

Moenie na die vervaldatum wat op die houer verskyn gebruik nie.

Neem ongebruikte medisyne terug na u apteker.

Moenie ongebruikte medisyne in afvoerpype of rioolstelsels (bv. toilette) gooi nie.

Verwys na die "Aanwysings vir die voorbereiding en toediening van 'n onderhuidse inspuiting van ORENCIA" aan die einde van hierdie inligtingsblad, vir raad oor hoe om ontslae te raak van voorafgevulde spuite en naalde.

**6. Inhoud van die pakkie en ander inligting**

**Wat ORENCIA 125 mg bevat**

Die aktiewe bestanddeel is abatasept.

Die ander bestanddele is: anhidriese dinatriumfosfaat, monobasiese natriumfosfaatmonohidraat, sukrose, poloksameer 188, water vir inspuiting.

**Hoe ORENCIA 125 mg lyk en wat die inhoud van die pakkie is**

ORENCIA oplossing vir onderhuidse inspuiting: 'n Helder, kleurlose tot liggeel, effens opaalagtige oplossing, wesenlik sonder visueel waarneembare deeltjies.

ORENCIA oplossing vir onderhuidse inspuiting word verskaf as 'n steriele, preserveermiddelvrye, gebruiksgereed oplossing vir onderhuidse inspuiting. Die oplossing vir onderhuidse inspuiting word verskaf as:

- 'n enkeldosis wegdoenbare voorafgevulde glasspuit met 'n passiewe naaldbeskerming en flensverlengers, of
- in 'n enkeldosis wegdoenbare voorafgevulde glasspuit met flensverlengers.

Die tipe-I glasspuit het 'n bedekte prop en vaste vlekvrye staalnaald, bedek met 'n stewige naaldbeskermer. 'n Voldoende oormaat abatasept is in elke spuit gelaai om op te maak vir naald-spuit verliese sodat 1,0 ml van die oplossing, wat 125 mg abatasept bevat, onder die vel ingespuit kan word. Beide aanbiedings word verpak in kartonne met vier voorafgevulde spuite.

**Houer van die Registrasiesertifikaat**

Equity Pharmaceuticals (Pty) Ltd.*

Sovereignrylaan 100

Roete 21 Corporate Park

Nellmapiusrylaan

Irene, Pretoria

Tel nr.: (012) 345 1747

**Hierdie inligtingsblad was voorheen hersien in**

21 Februarie 2023

**Registrasienommer**


41/3.1/1061

* ORENCIA is 'n handelsmerk van Bristol-Myers Squibb Company, gebruik onder lisensie van Equity Pharmaceuticals (Pty.) Ltd.

**AANWYSINGS VIR DIE VOORBEREIDING EN TOEDIENING VAN 'N ONDERHUIDSE INSPUITING VAN ORENCIA**

Die volgende aanwysings verduidelik hoe om self 'n inspuiting van ORENCIA deur middel van die voorafgevulde spuit met die naaldbeskermer toe te dien. Lees hierdie aanwysings sorgvuldig en volg dit dan stapsgewyse. U dokter, verpleegster of gesondheidsorgwerker sal vir u verduidelik hoe u uself kan inspuit. Moenie probeer om uself in te spuit voordat u seker is dat u verstaan hoe u die inspuiting moet voorberei en toedien nie. Na behoorlike opleiding kan die inspuiting self toegedien word, of kan dit deur iemand anders toegedien word, byvoorbeeld deur 'n familielid of kennis.

**ORENCIA voorafgevulde spuit met naaldbeskermer:**




**Figuur 1a**

- Hanteer die spuit altyd versigtig, veral as daar ander mense, kinders en diere om u is.

**Voordat u ORENCIA voorafgevulde spuit met naaldbeskermer gebruik:**


Doen

- Hou altyd die spuit aan sy silinder vas.
- Bewaar spuite wat nog nie gebruik is nie in die yskas in die oorspronklike verpakking.
- Sorg dat u die nodige hulpmiddels klaar reg het voordat u begin om die inspuiting toe te dien.
- Hulpmiddel kontrolelys: Alkoholdepper, watte of gaas, kleefpleister en naaldehouer.

Moenie doen nie

- Moenie aan die suier of naaldskede trek wanneer u die spuit uit die houer haal nie.
- Moenie die naaldskede verwyder voordat u gereed is om in te spuit nie.
- Moet nooit ooit die suier terugtrek nie.
- Moenie die ORENCIA spuit skud nie, want dit kan skadelik wees vir die medisyne.

**ORENCIA voorafgevulde spuit:**




**Figuur 1b**

- Hanteer die spuit altyd versigtig, veral as daar ander mense, kinders en diere om u is.

**Voordat u ORENCIA voorafgevulde spuit gebruik**

**Doen**

- Hou altyd die spuit aan sy silinder vas.
- Bewaar spuite wat nog nie gebruik is nie in die yskas in die oorspronklike verpakking.
- Sorg dat u die nodige hulpmiddels klaar reg het voordat u begin om die inspuiting toe te dien.
- Hulpmiddel kontrolelys: Alkoholdepper, watte of gaas, kleefpleister en naaldehouer.

**Moenie doen nie**

- Moenie die naaldskede verwyder voordat u gereed is om in te spuit nie.
- Moet nooit ooit die suier terugtrek nie.
- Moenie die ORENCIA spuit skud nie, want dit kan skadelik wees vir die medisyne.
- **MOENIE** die beskermer op die gebruikte naald terugsit nie.

**STAP 1: Kry u spuit gereed**

A. Gaan die vervaldatum na

- Die vervaldatum is op die ORENCIA karton en op elke spuit gedruk.
- Indien die vervaldatum verstryk het, moet die voorafgevulde spuit nie gebruik nie. Kontak asseblief u dokter of apteker vir hulp.

B. Laat dit opwarm vir 30 tot 60 minute

- Vind 'n gerieflike plek met 'n skoon, plat werksoppervlakte.
- Voorafgevulde spuit met naaldbeskermer: Om die spuit korrek vanuit die verpakking te verwyder, moet dit aan die silinder opgetel word, soos aangedui deur die pyltjies in die laaitjie.
- Verwyder die spuit vanuit die yskas. Hou die oorblywende, ongebruikte spuite in die oorspronklike karton en hou hulle in die yskas.
- Ondersoek die spuit vir sigbare gebreke, **maar moenie die naaldskede afhaal nie.**
- Laat die spuit vir 30 tot 60 minute by kamertemperatuur, voor inspuiting.
- Moet nie die opwarmingsproses op enige wyse versnel, soos om byvoorbeeld gebruik te maak van 'n mikrogolf of warm water, nie.

C. Gaan die vloeistof in die voorafgevulde spuit met naaldbeskermer na

Hou die ORENCIA voorafgevulde spuit aan die silinder vas, met die bedekte naald na onder.




**Figuur 2a**

- Kyk na die vloeistof deur die loervenstertjie van u voorafgevulde spuit (sien Figuur 2a). Die vloeistof in u spuit moet helder tot liggeel wees. Moenie inspuit as die vloeistof troebel of verkleur voorkom, of sigbare deeltjies in het nie.
- Dit is normaal om 'n lugborrel te sien, en daar is geen rede om dit te verwyder nie. Die volledige inhoud van die spuit moet ingespuit word.

C. Gaan die vloeistof in die voorafgevulde spuit na

Hou die ORENCIA voorafgevulde spuit aan die silinder vas, met die bedekte naald na onder.



**Figuur 2b**

- Kyk na die vloeistof deur die loervenstertjie van u voorafgevulde spuit (sien Figuur 2b). Die vloeistof in u spuit moet helder tot liggeel wees. Moenie inspuit as die vloeistof troebel of verkleur voorkom, of sigbare deeltjies in het nie.
- Dit is normaal om 'n lugborrel te sien, en daar is geen rede om dit te verwyder nie. Die volledige inhoud van die spuit moet ingespuit word.

D. Maak u addisionele toerusting bymekaar en hou dit byderhand.


E. Was u hande deeglik met seep en warm water.

**STAP 2: Kies 'n deel van u liggaam (plek van inspuiting) en berei dit voor vir die inspuiting**


Kry u ORENCIA voorafgevulde spuit met naaldbeskermer of u ORENCIA voorafgevulde spuit gereed vir gebruik onmiddellik na voorbereiding van die plek vir inspuiting.

A. Kies u plek vir inspuiting

- Die voorkant van die bobeen is 'n aanbevole plek vir inspuiting. U kan u maag gebruik, behalwe vir die 5 cm area rondom die naeltjie (sien Figuur 3).
- Die buitenste oppervlak van die bo-arms mag ook slegs gebruik word indien die inspuiting deur 'n versorger toegedien word. Moenie probeer om self die bo-arm area te gebruik nie (sien Figuur 4).
- Kies 'n verskillende area van toediening vir elke nuwe inspuiting. U kan dieselfde dy vir weeklikse inspuitings gebruik, mits elke inspuiting ongeveer 2,5 cm van die vorige inspuitingsarea toegedien word.
- Moenie in areas waar u vel gevoelig, gekneus, rooi, afskilfer of hard is inspuit nie. Vermy alle areas met letsels of rekmerke.




**Figuur 3**




**Figuur 4**


B. Berei u area van inspuiting voor

- Vee die inspuitplek met 'n alkoholdepper in 'n sirkelbeweging af.
- Laat u vel droog word voordat u inspuit. Moenie weer aan die area vir inspuiting raak voordat u die inspuiting gee nie.
- Moenie waai of blaas op die skoon area nie.

**STAP 3: Dien ORENCIA voorafgevulde spuit met naaldbeskermer toe**

A. Verwyder die naaldskede.

- Moenie aan die suier raak terwyl u die naaldskede afhaal nie.
- Hou die silinder van die ORENCIA voorafgevulde spuit met die een hand vas en trek die naaldskede reguit af met u ander hand (sien Figuur 5a).
- **Moenie die naaldskede afhaal voordat u gereed is om ORENCIA in te spuit nie. Spuit ORENCIA in sodra u die naaldskede verwyder het.**




**Figuur 5a**

- ‘n Klein lugborrel mag in die spuit se silinder, wat die medisyne bevat, voorkom. Dit is nie nodig om die lugborrel te verwyder nie.
- Jy mag opmerk dat 'n druppel vloeistof uit die naald drup. Dit is normaal en sal nie u dosis beïnvloed nie.

- Moenie aan die naald raak nie en verseker dat dit nie met enige ander oppervlakte in aanraking kom nie.
- Moenie die voorafgevulde spuit gebruik as dit val sonder dat die naaldskede op is nie.

B. Posisioneer die voorafgevulde spuit en spuit ORENCIA in

- Hou die liggaam van u gevulde spuit in die een hand tussen die duim en wysvinger (kyk Figuur 6a).
- Moenie druk op die suierkop uitoefen totdat u nie gereed is om met u inspuiting te begin nie.
- Moet nooit ooit die suier van die spuit terugtrek nie.
- Gebruik u ander hand om die oppervlakte van die vel wat u skoongevee het liggies vas te knyp. Hou stewig vas.
- Gebruik 'n vinnige, veerpyltjie-agtige beweging om die naald teen 'n 45° hoek in die vasgeknypte vel in te steek (sien Figuur 6a).




**Figuur 6a**



**Figuur 7a**

- Om te verseker dat al die medisyne ingespuit word, moet u u duim gebruik om die suier in te druk totdat dit nie verder kan gaan nie en al die medisyne ingespuit is (sien Figuur 7a).
- Wanneer die suier sovêr moontlik ingedruk is, moet u aanhou om drukking op die suierkop toe te pas.
- Lig u duim stadig van die suierkop af. Dit laat toe dat die leë spuit opwaarts beweeg, totdat die hele naald deur die naaldbeskermer bedek word (sien Figuur 8).



**Figuur 8**


- Sodra die naald heeltemal bedek is deur die naaldbeskermer, verwyder die spuit en los die vasgeknypte vel.

- Plaas 'n wattepluisie op die inspuitplek en druk dit vir 10 sekondes lank vas.
  - Moenie die inspuitplek vryf nie.  Effense bloeding is normaal.
  - Indien nodig, kan u 'n klein hegpleister  op die inspuitplek aanbring.

**STAP 3: Dien ORENCIA voorafgevulde spuit toe**

A. Verwyder die naaldskede.

- Moenie aan die suier raak terwyl u die naaldskede afhaal nie.
- Hou die silinder van die ORENCIA voorafgevulde spuit met die een hand en trek die naaldskede reguit af met u ander hand (sien Figuur 5b).
- **Moenie die naaldskede afhaal voordat u gereed is om ORENCIA in te spuit nie.  Spuit ORENCIA in sodra u die naaldskede verwyder het.**




**Figuur 5b**

- ‘n Klein lugborrel mag in die spuit se silinder, wat die medisyne bevat, voorkom.    Dit is nie nodig om die lugborrel te verwyder nie.
- Jy mag opmerk dat 'n druppel vloeistof uit die naald drup.  Dit is normaal en sal nie u dosis beïnvloed nie.
- Moenie aan die naald raak nie en verseker dat dit nie met enige ander oppervlakte in aanraking kom nie.
- Moenie die voorafgevulde spuit gebruik as dit val sonder dat die naaldskede op is nie.

B. Posisioneer die voorafgevulde spuit en spuit ORENCIA in

- Hou die silinder van u voorafgevulde spuit in die een hand tussen die duim en wysvinger vas (sien Figuur 6b).
- Moenie druk op die suierkop uitoefen totdat u nie gereed is om met u inspuiting te begin nie.
- Moet nooit ooit die suier van die spuit terugtrek nie.
- Gebruik u ander hand om die oppervlakte van die vel wat u skoongevee het liggies vas te knyp. Hou stewig vas.
- Gebruik 'n vinnige, veerpyltjie-agtige beweging om die naald teen 'n 45° hoek in die vasgeknypte vel in te steek (sien Figuur 6b).





**Figuur 6b** **Figuur 7b**

- Om te verseker dat al die medisyne ingespuit word, moet u u duim gebruik om die suier in te druk totdat dit nie verder kan gaan nie. Verwyder die spuit uit die vel en los die vasgeknypte vel (sien Figuur 7b).
- **MOENIE** die beskermer op die gebruikte naald terugsit nie.
- Plaas 'n wattepluisie op die inspuitplek en druk dit vir 10 sekondes lank vas.
  - Moenie die inspuitplek vryf nie. Effense bloeding is normaal.
  - Indien nodig, kan u 'n klein hegpleister op die inspuitplek aanbring.

**STAP 4: Wegdoening van die spuit en rekordhouding**

A. Gooi die gebruikte inspuiting in 'n in 'n houer vir gebruikte spuitnaalde weg.

- Wees versigtig wanneer die voorafgevulde spuit na gebruik weggegooi word.
- Houers vir gebruikte spuitnaalde is spesiale steek-bestande vullishouers wat in die kleinhandel gekoop kan word.



Houer vir gebruikte spuitnaalde

- Hou altyd u houer vir gebruikte spuitnaalde buite die bereik van kinders en diere.

- Vra u dokter, verpleegster, of apteker oor die landswette en plaaslike wette aangaande die korrekte wegdoening van mediese produkte wat naalde bevat.
- Moenie u gebruikte spuite in u huishoudelike afval, dreine of vullisblikke weggooi nie.

B. Hou rekord van u inspuitings

- Skryf die datum, tyd en die spesifieke plek op u liggaam waar u uself ingespuit het, neer. Dit kan ook nuttig wees om enige vrae of bekommernisse wat u het rakende die inspuiting neer te skryf, sodat u met u dokter, verpleegster of apteker daaroor kan praat.